

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Meeding (193/2011) [2011] ZAFSHC 151 (1 September 2011) [2011] ZAFSHC 151

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

R Jordaan, R van Zyl

CASE / FILE NUMBER

193/2011

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Hersiening Nr. : 193/2011

In die hersiening tussen:-

DIE STAAT

en

DAVID MEEDING

CORAM: VAN ZYL, R et JORDAAN, R

UITSPRAAK DEUR: JORDAAN, R

GELEWER OP: 1 SEPTEMBER 2011

- [1] Hierdie saak is na die Hooggeregshof verwys deur die Landdros van Edenburg vir spesiale hersiening.
- [2] Die beskuldigde was aangekla van oortreding van artikel 17(1)(a) van Wet 116 van 1998 vir die beweerdelike verbreking van 'n beskermingsbevel uitgereik in terme van laasgenoemde Wet. Tydens die verhoor van die saak, was die beskuldigde regsverteenvoerdig, het hy skuldig gepleit en is hy na ondervraging uit hoofde van sy pleitverduideliking dienooreenkomstig skuldigbevind. Hy is gevonnissen tot 'n boete van R10 000,00 of 12 maande gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort is vir 'n periode van vyf jaar op sekere voorwaardes.

[3] Die saak was verhoor deur 'n aflos Landdros op die tersaaklike tydstop en na afhandeling van die saak het dit tot die kennis van die voormelde permanente Landdros van Edenburg gekom dat die betrokke beskermingsbevel wat aanvanklik teen die beskuldigde

verleen was, inderdaad reeds op 31 Julie 2009 opgehef was en derhalwe nie meer bestaan het toe hy van die voormelde oortreding aangekla en verhoor was nie. Nie die Staat of die verdediging het daardie aspek onder die aandag van die Verhoorlanddros gebring nie en, nadat die ware toedrag van sake aan die Verhoorlanddros uitgewys is, het sy tereg die tersydestelling van die voormelde bevel by wyse van spesiale hersiening ondersteun.

[4] Dit hoef geen betoog dat die skuldigbevinding en vonnis derhalwe onreëlmatig en ongegrond was nie en moet dit derhalwe tersyde gestel word.

[5] Bygevolg word die skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel.

A.F. JORDAAN, R

Ek stem saam.

C. VAN ZYL, R

/sp

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2011/151.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-meeding-unknown-topic-afshc-2011>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria